# Laerskool Eligwa

30 Mei 2025

Nuusbrief Nr. 7 van 2025

Geagte Ouers / Voogde

Graag bring ek die volgende onder u aandag:

**1. AKADEMIE**

Ons kontroletoetse begin op 2 Junie 2025 en eindig 13 Junie 2025. Die toetse sal die eerste uur van die dag afgelê word waarna leerlinge sal voortgaan met normale klaswisseling om die sillabus te voltooi. Let wel: geen kind sal toegelaat word om huis toe te gaan na die kontroletoetse nie omdat die werk vir die kwartaal nog nie voltooi is nie. Die skool sal van 2 Junie 2025 tot en met 13 Junie 2025 om 13:00 sluit vir die leerlinge. Vanaf 17 Junie is dit normale tye en sal die skool weer 13:45 sluit vir Gr.4-tot Gr.7 leerlinge. U kind het reeds die rooster en afbakening ontvang.

**2. PERSONEELSAKE**

Dit is met groot hartseer dat ons aan die einde van Mei afskeid neem van Mnr. Botha. Hy is bevorder tot adjunkhoof. Ons wil vir hom baie dankie sê vir die onbaatsugtige diens wat hy vir die skool en die gemeenskap gelewer het. Ons wens vir hom ‘n wonderlike toekoms toe en bid God se seën oor hom uit vir die nuwe uitdaging.

**3. KARNAVAL**

Ek wil graag vir elke personeellid, ouer en kind baie dankie sê vir ‘n baie suksesvolle KARNAVAL. Dit was voorwaar ‘n spanpoging en baie lekker om te sien hoe ieder en elk dit geniet. Baie geluk aan die onderskeie pryswenners:

- Gr. RR E en Gr. 4K is onderskeidelik die klasse wat die meeste geld ingebring het rakende die borgvorms.
- Baie geluk aan Zihané Meyer en Dihan de Lange wat die langste kon hang.
- Baie geluk aan Louis Esterhuizen wat die gewig die langste in die lug kon hou en Manualeyn van Eeden wat die akkuraatste met die windbuks kon skiet.
- Baie dankie aan Monré Visser wat die meeste borgvorms volgemaak het.

Bogenoemde leerlinge het reeds gratis by die Spur gaan eet.

**4. BESOEKE AAN DIE SKOOL**

Soos in ons vorige skrywes vermeld, is u welkom om afsprake met leerkragte te maak. Ons versoek u egter vriendelik om dit **vooraf telefonies of skriftelik** te doen en nie net by die onderwysers op te daag nie. Ouers van veral die grondslagfase moet ook asseblief by die reëlings bly. Ons grondslagfasedames is na 13:00 met administratiewe pligte of met vergaderings besig en kan u nie altyd sonder ‘n afspraak te woord staan nie. Byvoorbaat dankie vir u begrip en ondersteuning in die verband.

**5. GRAAD R - EN GRAAD 1 INSKRYWINGS VIR 2026**

Ons wil graag die papierwerk rondom die Gr.R- en Gr.1 inskrywings vir 2026 so gou as moontlik finaliseer. U het reeds die nodige dokumentasie ontvang en ons versoek u om dit asseblief voor of op Dinsdag, 17 Junie 2025 by die kantoor in te handig by Mev. Swart.

**6. KOEKVERKOPING**

Die Graad 1-en Graad 5 leerders hou koekverkoping op Vrydag, 6 Junie 2025. Baie dankie by voorbaat vir u ondersteuning in die verband.

**7. SKOLIERPATROLLIE**

Ek wil 'n dringende beroep op elke ouer doen om hierdie leerlinge te respekteer met die taak wat hulle verrig. Daar word van u as ouer ook verwag om die reëls te gehoorsaam deur die pad op die regte plek (by die skolierpatrollie) oor te steek en om nie met u voertuig te jaag nie. Sou u die pad op die verkeerde plek oorsteek of met u voertuig jaag, is die kinders aangesê om u vriendelik te versoek om dit nie te doen nie. Die verkeersdepartement het ons ook toestemming verleen om gereelde oortreders se registrasienommer neer te skryf en aan hulle deur te gee vir vervolging. Baie dankie vir u begrip in die verband.

**8. MUSIEKSKOOL**

Indien daar leerlinge van Gr.4 tot Gr.7 is wat belangstel in musieklesse, kan hulle vir Marschell Brümmer skakel by 079 888 7736. Nuwe musiekstudente kan vorms in die kantoor kom afhaal by Mev. Swart.

**9. RUGBYRAAI**

Die Springbokke speel op 5 Julie 2025 teen Italië in Pretoria. Dit beloof om sommer 'n groot wedstryd te wees en vind plaas gedurende die skoolvakansie. Die prys sluit in akkomodasie vir 4 in die "River Resort" by die Emerald Casino, toegang tot die Aquadome vir 4 persone, toegang vir 4 persone by die dieretuin, Padel vir 4 persone vir 60 minute EN 'n R800 koopbewys by die Graze Restaurant by die Emerald Casino. U wen dus die totale pakket vir slegs 'n geringe bedrag van R7. Die sluitingsdatum is Donderdag, 26 Junie 2025 om 12:00. Die wenner sal na die vakansie bekend gemaak word. Die fondse sal aangewend word om kunsmatige gras by die Gr. R speelterrein aan te lê.

**10. BOEK BUDDIES**

BOEK BUDDIES besoek weer ons skool op 20 Junie 2025. Kleurvolle kostuums, nuutste tegnologie en professionele akteurs laat die karakters in die boeke lewendig word. Saam met die musiek word leerlinge gewys dat lees lekker is. Afrikaanse kinderboeke word opgevoer en die kostes beloop R30 per kind. Die skool maak geen wins nie en wil graag lees by ons kinders bevorder. BARGAIN BOOKS sal op 24 Junie 2025 'n boekuitstalling by die skool hou, waar leerlinge dan vir hulself storieboeke kan koop. Ondersteun hulle gerus tot voordeel van u kind.

**11. <u>AANLYN INSKRYWINGS VIR GRAAD GR.1- LEERLINGE (2026)</u>**

Die aanlyn inskrywings vir Gr.1- leerlinge vir 2026 open op Donderdag 24 Julie 2025 en sluit Vrydag, 29 Augustus 2025. Die volgende is baie belangrik:

11.1 U **MOET** aanlyn registreer by www.gdeadmissions.gov.za . U sal dadelik 'n waglysnommer per sms ontvang wat u onmiddellik na Mev. Swart in die kantoor moet deurgee.

11.2 U kind word geplaas volgens **registrasiedatum** en **tyd**. U moet dus die oggend wat die registrasies open, onmiddellik registreer om u plek te verseker.

11.3 Al is u kind in Graad R by Laerskool Eligwa, en u het reeds 'n papieraansoekvorm ingedien, **MOET U HOM / HAAR STEEDS AANLYN**

**REGISTREER. SLEGS AANLYN REGISTRASIES WORD DEUR DIE DEPARTEMENT AANVAAR.**

**12. BOORGATWATER**

Ons wil u weereens die versekering gee dat Eligwa se water veilig is. Ons maak daagliks slegs gebruik van boorgatwater en dit word ook gereeld getoets.

Eligwa groete

____________________________________

**BD BOSHOFF**
**HOOF**